**MAANDAG 23 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 9:31-43**

**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 9:42**

## Rondgaan en vorentoe gaan

Die kerk in die hele Judea, Galilea en Samaria het 'n tyd van vrede en rustigheid belewe en die apostels kon gevolglik rondreis en al die gelowiges in hierdie streke besoek. Dit was 'n tyd van konsolidasie en instandhouding.

Die Here sorg egter dat daar nooit stagnasie en stilstand in sy koninkryksarbeid kom nie. Hy sou twee besondere geleenthede gebruik om die skarniere van 'n nuwe deur te laat oopgaan.

Die eerste geleentheid was die genesing van Eneas. 'n Man wat alreeds vir agt jaar bedlêend was. Die wonderwerk van sy genesing het in Lidda en die hele Saronvlakte rugbaar geword. Die mense het hom gesien en 'n groot aantal het tot bekering gekom.

Die tweede geleentheid was die opwekking van die bekende gelowige Tabita. Haar lewe het 'n baie besondere boodskap van naasteliefde gedra. Tog sou die boodskap van haar opwekking die hele Joppe raak, sodat baie mense tot geloof gekom het.

Deur hierdie wonderwerke het God die boodskap van die evangelie gewaarmerk as die waarheid. Die Here het die pad voorberei vir die voortgang van die evangelie. Hiervandaan sou die apostel Petrus 'n baie belangrike grens na die heidendom oorsteek.

As kerk van Jesus Christus moet ons daarteen waak om in sirkelgange te verval. In ons *rondbeweeg* moet ons ook *vorentoe* beweeg. Ons moet nie net in stand hou nie, maar ook uitbrei. Daar is altyd nuwe deure wat oopgemaak moet word en nuwe geleenthede wat ter wille van die koninkryk ontgin moet word.

*Sing: Psalm 145:1, 12*

*Prof. IW (Naas) Ferreira (Teologiese Skool)*